

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
3 Junie 1976

Onderwerp: Diensbaarheid:
Ons toerusting en wêreldnood

Lees: Titus 2 verse 11 - 15
Teks: Titus 2 verse 13, 14
Sing: Gesang 43 vers 1 (wysie Psalm 42)
Gesang 33 vers 5

“Vanaand wil ons u daarop wys dat die vernuwing van ons lewe, die heiliging en vervulling daarvan ’n Goddelike oogmerk openbaar. En dié oogmerk is nie maar net dat sondaars vir die Saligheid gereed gemaak moet word nie, maar veral sodat hulle in heilige diensbaarheid mag wandel.

“Ons word geroep, gered, herstel, genees, geheilig ook met die oog op hierdie lewe. Daarom is dit verkeerd om só ’n oordrewe verlange na die geluksaligheid hierna te hê, dat ons die vreugde van diensbaarheid en geroepenheid tot diensbaarheid miskyk.

“Waarom moet ek diensbaar wees?

“Mense redeneer: wie in Hom glo het die Ewige lewe. Uit genade is julle gered deur die geloof. Hierdie deugde is die werk van God in die mens. Uit genade is julle geregverdig. Waar kom die eis van diensbaarheid dan nou in?

“Dit is ons duidelike roeping. Oral leer die Evangelie ons dat die mens gawes en talente ontvang het om daarmee te woeker. Dit is ’n Godgegewe bevel en ’n belegging in God se koninkryk dat ons hiermee vir Hom wins moet maak. Die nuttelose dienskneg word deurgaans veroordeel.

“Paulus skryf: ‘ons is ... geskape in Christus Jesus tot goeie werke’. (Ef 2:10)

“Aan die arbeiders word in Matt 20:6 gevra: ‘Wat staan julle hier die hele dag ledig?’

“Ons is gered om te dien. ‘Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.’ (Joh 20:21)

“Dit is God se bestemde funksie vir die mens - dat hy aan God ’n welgevallige en heilige Godgegewe offerande moet wees.

“Die mens het deur die sondeval die vermoë verloor om hierdie hoë funksie te beoefen. Maar Jesus,

ons Plaasvervanger, het ons weer kom herstel om diensbaar te wees.

“Dit is waar, ons dien nie soos knegte vir ’n loon nie, maar uit dankbaarheid vir ons verlossing. Ons is vrygemaak van sonde, nie om van diens onthef te word nie, maar juis sodat ons diens nie dié van slawe sal wees nie, maar dié van kinders vir wie die Hemelse Vader kan sê: ‘Kind gaan werk vandag in my wingerd’.

“Dit is vir geen kind goed om nie te leer werk en dien nie.

“Die kind van die Here vind uit dat wanneer hy nie diensbaar is nie, sy lewe kwyn en onvrugbaar is - sonder blydschap en groei, leeg en doelloos.

“Dit is juis die skoongemaakte loot waarvan Jesus sê dat dit veel vrug dra. Dit is vir die geroepe dissipel dat Hy sê: ‘gaan’. Dit is vir die bekeerde Saulus wat hy sê: ... hy is vir My ’n uitverkore werktuig ...’

“Diensbaarheid vloei voort uit ons eenheid met Jesus Christus. Hy was nie maar net ’n Versoener vir ons skuld nie. Nee. Hy was volmaak, regverdig en gehoorsaam in ons plek. Hy het hierdie een groot drang gehad om die wil van Sy Vader te volbring. Sy dors was om verlore siele te red.

“Elkeen in wie die Heilige Gees gekom het, word deur Hom gedring om bekommerd te wees oor die toestand van siele. By so iemand sal ’n sterk verlange wees dat almal tot die lig van God moet kom. Die geestelike nood roep ons daartoe.

“Wie sal ontken dat daar geestelike nood is. Kyk maar na die kerk bywoning van lidmate. Gedooptes wat goddeloos groot word. Let op sovele wat belydenis van geloof aflê en dan selde of ooit weer hulle opwagting maak. Dink aan vele lidmate wat nie die vreugde om die Here te dien smaak nie.

“Daar is belydende lidmate wat nie rekenskap gee van hulle geloof nie. En wat van die massas buite die kerk. Massas in hulle verwildering. Besef ons genoeg die geestelike nood?

“Ons word gered met die oog op hierdie lewe - nie net met die oog op die lewe na die dood nie.

“Die Heilige Gees neem van ons besit om ons te herstel sodat ons kan getuig. Ons is in Jesus Christus verenig, wat gesê het dat alle mag in Hemel en op aarde aan Hom gegee is. Waarvoor versuim ons? Op alle terreine van die lewe is ons Syne. In ons beroep en in ons verhouding met ons medemens is ons in die eerste plek kinders van die Here. Ons verbintenis met Hom stel gehoorsaamheid voorop. Jesus Christus moet

die middelpunt van ons lewenssirkel wees. Die spil waarom alles draai.

“Op watter terreine moet ons diensbaar wees?

“In die eerste instansie in ons gesinslewe. Die huisgesin het nie die verwoestende uitwerking van die sonde vrygespring nie. In die herstel van die mens in sy geestelike lewe is die gesin ’n groot faktor. Waar ’n ouer tot bekering gekom het, is sy huisgesin saam met hom in die verbond gereken.

“Petrus sê op Pinksterdag: ‘... die belofte kom julle toe en julle kinders ...’ Hier is ’n besondere terrein van ons diensbaarheid. Ons moet een wees in ons gesin in die onderrig uit sy Woord; een wees in die gebed; een wees in die bepeinsing van die verbondsbeloftes van God. Leer u kinders die geloofs- en sedeleer van u kerk. Ons het dit beloop by die Doop!

“Watter samebindende faktor is die huisgodsdienste nie. Wie dit verwaarloos, sal eendag geestelik verwaarloos staan.

“In die kerk moet ons diensbaar wees. ’n Afgesonderde Christen is nie ’n gesonde Christen nie. Die Heilige Gees bind saam. Christenwees beteken dat die Heilige Gees my een maak met Sy liggaam. Ek kan my dus nie daarvan afskei sonder skade aan die siel of om die Heilige Gees te bedroef nie.

“So baie Christene tree op asof hulle die Heilige Gees as private besit ontvang het. Hulle vergeet dat die Heilige Gees op die vergaderde gemeente uitgestort is. As lidmaat is jy lid van die familie of gesin en is dit verkeerd om eiesinnig en hoogmoedig daarbinne te lewe.

“Die Christen moet ook werk vir die geestelike lewe van die kerk. Hy moet nie net krities daarteenoor staan nie. Hy moet die vuur van die kerk brandend hou.

“Ook in ons sosiale lewe moet ons diensbaar wees. Hier moet ons wees soos die suurdeeg, soos sout, soos lig. In die wêreld, maar nooit van die wêreld nie.

“Ook in my ontspanning moet ek Jesus Christus diensbaar wees. Ja, op elke terrein.

“Vernuwe en toegerus deur die Heilige Gees moet ek die nuwe lewensbeginsel uitdra, tot heiligmaking van die hele lewe.

“Amen.”